## SPECIAL DEFENCE ACCOUNT

*for the year ended 31 March 1995*

### ADMINISTRATION AND FINANCING

In terms of the provisions of the Special Defence Account Act (Act No. 6 of 1974, as amended), the chief executive officer of Armscor has been charged with the administrative and accounting responsibility for money paid by Armscor out of the account in connection with its special defence activities and purchases.

### ACCOUNTING POLICY

**Contractual commitments**

Armscor contracts under its own name and is legally empowered to act accordingly. Contractual commitments which may arise out of these contracts are covered in full by the South African National Defence Force by means of financial authorisations. In other cases cover is obtained by means of back-to-back orders.

The outstanding commitments at 31 March arising out of these contractual commitments, are accounted for in the financial statements and comprise the amount still outstanding on delivery plus estimated additional costs based on historical information.

**Trust funds**

The funds withdrawn in anticipation of final execution of procurement actions, together with funds appropriated but not yet set off against procurement projects, are dealt with in a trust capacity in the financial statements.

**Advances, capital assets and stocks**

Advances and progress payments to contractors, capital assets acquired for use during production by contractors and material supplied to contractors, are accounted for in procurement projects.

Advances, inventory and capital assets at contractors are controlled by means of control systems which make provision for identification, listing, physical protection, recording and clearance upon completion of contracts.

**Foreign currency**

All foreign transactions are converted and accounted for during the year at an average rate. Monetary items in overseas banks at 31 March are not converted at prevailing exchange rates as accounting entries are recorded on a cash flow basis.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988



## SPECIAL DEFENCE ACCOUNT

## CASH-FLOW STATEMENT

*for the year ended 31 March 1995*

| | Notes | 1995<br>Rm | 1994<br>Rm |
|---|---|---|---|
| **Funds employed** | | | |
| Withdrawals | | **3 093,3** | 3 886,3 |
| **Employment of funds** | | | |
| Payments for armaments purchased | | **3 112,5** | 3 897,6 |
| *Less:* Decrease in trust funds | 1 | **19,2** | 11,3 |
| | | **3 093,3** | 3 886,3 |

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## NOTES TO THE CASH-FLOW STATEMENT

*at 31 March 1995*

| | 1995 Rm | 1994 Rm |
|---|---|---|
| **1. Trust funds** | | |
| 1.1 Expenditure incurred but not yet recorded against the Special Defence Account | 3,9 | 7,3 |
| 1.2 Cash in banks | 9,7 | 25,5 |
| | 13,6 | 32,8 |
| **2. Estimated outstanding commitments** | | |
| 2.1 Subject to contracts entered into | 3 123,1 | 3 223,6 |
| 2.2 Approved but not yet contracted | 1 778,4 | 599,3 |
| | 4 901,5 | 3 822,9 |
| **3. Fixed assets at contractors** | | |
| At cost | 139,9 | 116,3 |

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

# SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING *vir die jaar geëindig 31 Maart 1994*

*Administrasie en finansiering*

Ingevolge die bepalings van die Wet op die Spesiale Verdedigingsrekening (Wet nr 6 van 1974, soos gewysig), is die Hoof Uitvoerende Beampte van Krygkor belas met die administrasie en verantwoording van geld deur Krygkor uit die rekening betaal in verband met sy spesiale verdedigingsaktiwiteite en -aankope.

*Rekeningkundige beleid*

**Kontraktuele verbintenisse**

Krygkor kontrakteer in sy eie naam en het regsbevoegdheid daartoe. Kontraktuele verbintenisse wat hieruit voortspruit, word ten volle deur die Suid-Afrikaanse Weermag afgedek by wyse van finansiële magtigings. In ander gevalle word dekking deur middel van rug-tot-rug bestellings verkry.

Die uitstaande verpligtinge op 31 Maart, voortspruitend uit gemelde kontraktuele verbintenisse, word in die finansiële state aangetoon en behels die bedrag uitstaande teen lewering plus beraamde bykomende koste gebaseer op historiese inligting.

**Trustgelde**

Die fondse onttrek in afwagting van finale deurvoering van verkrygingsaksies, sowel as fondse aangewend maar nog nie teen verkrygingsprojekte verreken nie, word in die finansiële state in 'n trusthoedanigheid mee gehandel.

**Voorskotte, kapitaalbates en voorrade**

Voorskotte en vorderingsbetalings aan kontrakteurs, kapitaalbates aangeskaf vir gebruik tydens vervaardiging deur kontrakteurs en bevoorrading van kontrakteurs, word teen verkrygingsprojekte verreken.

Voorskotte, kapitaalbates en voorrade by kontrakteurs word beheer deur middel van beheerstelsels wat voorsiening maak vir uitkenning, rekordering, fisiese beskerming, opnames en verrekening na voltooiing van kontrakte.

**Vreemde valuta**

Alle transaksies in die buiteland word gedurende die jaar teen 'n gemiddelde koers omgeskakel en te boek gestel. Monetêre items in buitelandse banke op 31 Maart is nie omgeskakel teen heersende wisselkoerse nie omdat teboekstelling op 'n kontantvloeibasis geskied.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

## SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING

## VLOEI VAN FONDSESTAAT

*vir die jaar geëindig 31 Maart 1994*

| | Aantekeninge | 1994 Rm | 1993 Rm |
|---|---|---|---|
| *Bron van fondse* | | | |
| Trekkings | | **3 886,3** | 3 679,0 |
| *Aanwending van fondse* | | | |
| Betalings vir krygstuig aangekoop | | **3 897,6** | 3 677,2 |
| Toename/(afname) in trustgelde | 1 | **(11,3)** | 1,8 |
| | | **3 886,3** | 3 679,0 |

## AANTEKENINGE WAT DEEL IS VAN DIE

## VLOEI VAN FONDSESTAAT

*op 31 Maart 1994*

| | 1994 Rm | 1993 Rm |
|---|---|---|
| *1. Trustgelde* | | |
| **1.1** Uitgawes reeds aangegaan maar nog nie teen die Spesiale Verdedigingsrekening verreken nie | **7,3** | 14,5 |
| **1.2** Kontant in banke | **25,5** | 29,6 |
| | **32,8** | 44,1 |
| *2. Beraamde uitstaande verpligtinge* | | |
| **2.1** Onderhewig aan kontrakte aangegaan | **3 223,6** | 4 261,9 |
| **2.2** Goedgekeur maar ooreenkomste nog nie aangegaan nie | **599,3** | 689,0 |
| | **3 822,9** | 4 950,9 |
| *3. Vaste bates by kontrakteurs* | | |
| Kosprys | **116,3** | 93,7 |

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE South African History Archive

# SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING

## 1. ADMINISTRASIE EN FINANSIERING

Ingevolge die bepalings van die Wet op die Spesiale Verdedigingsrekening, Wet no 6 van 1974, soos gewysig, is die hoof-uitvoerende beampte van Krygkor belas met die administrasie en verantwoording van geld deur Krygkor uit die rekening betaal in verband met sy spesiale verdedigingsaktiwiteite en -aankope.

## 2. REKENINGKUNDIGE BELEID

### 2.1 Kontraktuele verbintenisse

Krygkor kontrakteer in sy eie naam en het regsbevoegdheid daartoe. Kontraktuele verbintenisse wat hieruit voortspruit word ten volle deur die Suid-Afrikaanse Weermag afgedek by wyse van finansiële magtigings. In ander gevalle word dekking deur middel van rug-tot-rug bestellings verkry.

Die uitstaande verpligtinge op 31 Maart, voortspruitend uit gemelde kontraktuele verbintenisse, word in die finansiële state aangetoon en behels die bedrag uitstaande teen lewering plus beraamde bykomende koste gebaseer op historiese inligting.

### 2.2 Trustgelde

Die fondse onttrek in afwagting van finale deurvoering van verkrygingsaksies, sowel as fondse aangewend maar nog nie teen verkrygingsprojekte verreken nie, word in die finansiële state in 'n trusthoedanigheid mee gehandel.

### 2.3 Voorskotte, kapitaalbates en voorrade

Voorskotte en vorderingsbetalings aan kontrakteurs, kapitaalbates aangeskaf vir gebruik tydens vervaardiging deur kontrakteurs en bevoorrading van kontrakteurs, word teen verkrygingsprojekte verreken.

Voorskotte, voorrade en kapitaalbates by kontrakteurs word beheer deur middel van beheerstelsels wat voorsiening maak vir uitkenning, rekordering, fisiese beskerming, opnames en verrekening na voltooiing van kontrakte.

### 2.4 Vreemde valuta

Alle transaksies in die buiteland word gedurende die jaar teen 'n gemiddelde koers omgeskakel en te boek gestel. Monetêre items op 31 Maart is nie omgeskakel teen heersende wisselkoerse nie omdat teboekstelling op 'n kontantvloeibasis geskied.

# SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING
# VLOEI VAN FONDSESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 MAART 1993

| | AANTEKE-NINGE | 31 Maart 1993 R | 31 Maart 1992 R |
|---|---|---|---|
| **BRON VAN FONDSE** | | | |
| Trekkings | | 3 679 016 925 | 4 598 329 298 |
| **AANWENDING VAN FONDSE** | | | |
| Betalings vir krygstuig aangekoop | | 3 677 208 133 | 4 595 641 937 |
| Toename in trustgelde | 1 | 1 808 792 | 2 684 361 |
| | | 3 679 016 925 | 4 598 329 298 |

## AANTEKENINGE WAT DEEL IS VAN DIE VLOEI VAN FONDSESTAAT OP 31 MAART 1993

| | | 31 Maart 1993 R | 31 Maart 1992 R |
|---|---|---|---|
| **1.** | **TRUSTGELDE** | | |
| 1.1 | Uitgawes reeds aangegaan maar nog nie teen die Spesiale Verdedigingsrekening verreken nie | 14 531 958 | 2 823 301 |
| 1.2 | Kontant in banke | 29 569 969 | 39 469 834 |
| | | 44 101 927 | 42 293 135 |
| **2.** | **BERAAMDE UITSTAANDE VERPLIGTINGE** | | |
| 2.1 | Uitstaande teen lewering | 3 508 247 034 | 4 339 832 561 |
| 2.2 | *Min*: Voorskotte betaal | 464 022 010 | 662 036 671 |
| 2.3 | Subtotaal | 3 044 225 024 | 3 677 795 890 |
| 2.4 | *Plus*: Beraamde bykomende koste | 1 217 690 010 | 1 287 285 612 |
| 2.5 | Beraamde uitstaande verpligtinge | 4 261 915 034 | 4 965 081 502 |
| 2.6 | Die bedrag getoon as uitstaande teen lewering (paragraaf 2.1) is verminder met vorderingsbetalings waar van toepassing. | | |
| 2.7 | Die netto beraamde totale uitstaande verpligtinge is oor 'n aantal jare betaalbaar en sluit verpligtinge in vreemde valuta in. | | |
| 2.8 | Op 31 Maart 1993 was goedkeurings reeds verkry vir die plaas van bestellings ten bedrae van R688 953 095 (1992 R1 908 427 461) waarvoor bestellings nog nie geplaas is nie. Hierdie bedrag is nie ingesluit by uitstaande verpligtinge nie. | | |
| **3.** | **VASTE BATES BY KONTRAKTEURS** | | |
| | Kosprys | 93 746 912 | 89 301 449 |

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive

## SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING
## AANTEKENINGE WAT DEEL IS VAN DIE VLOEI VAN FONDSESTAAT OP 31 MAART 1993

| | 31 Maart 1993 | 31 Maart 1992 |
|---|---|---|
| **4. Betalings/(Verhalings) namens SA Weermag** | | |
| – Direkteur Finansiële Koördinering | (85 144 992) | (70 950 276) |
| – Lugmag | 30 775 401 | 24 104 387 |
| – Vloot | 5 878 165 | 1 240 042 |
| – Leër | 10 671 719 | (23 990) |
| – Geneeskundige Dienste | 288 874 | – |
| | (37 530 833) | (45 629 837) |

Betalings/(verhalings) geskied op versoek van die onderskeie onderafdelings van die SA Weermag. Die vloei van fondse en verrekening van transaksies word beheer.

| | | |
|---|---|---|
| **5. Verkryging uit Algemene Verdedigingsrekening** | 11 699 260 | |

Verkryging van krygstuigverwanteprodukte geskied op versoek van die SA Weermag uit die Algemene Verdedigingsrekening teen finansiële magtigings deur die SA Weermag uitgereik.

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

# OUDITEURSVERSLAG

Die Voorsitter en Lede van die Raad

**KRYGSTUIGKORPORASIE VAN SUID-AFRIKA BEPERK**

**VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 MAART 1993**

Ons het die finansiële jaarstate en Groeps-finansiële jaarstate asook die staat van vloei van fondse ten opsigte van die Spesiale Verdedigingsrekening wat op bladsy 2 tot 17 uiteengesit is, geouditeer. Hierdie state is die verantwoordelikheid van die direkteure. Dit is ons verantwoordelikheid om oor hierdie finansiële state verslag te doen.

Ons het ons oudit ooreenkomstig algemeen aanvaarde ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en onderneem om redelike versekering te verkry dat, in alle wesenlike aspekte, billike aanbieding in die finansiële state bereik is. 'n Oudit behels 'n evaluering van die geskiktheid van die rekeningkundige beleid, 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings wat in die finansiële state ingesluit is steun, 'n beoordeling van die redelikheid van beduidende ramings en 'n oorweging van die geskiktheid van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons ouditprosedures in die omstandighede geskik was om ons mening, wat hieronder aangebied word, uit te spreek.

Na ons mening verstrek hierdie finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële toestand van die Korporasie op 31 Maart 1993, en van die resultate van bedrywighede vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en op die wyse deur die Wet op Krygstuigontwikkeling en Vervaardiging vereis.

Na ons mening verstrek die finansiële staat ten opsigte van die Spesiale Verdedigingsrekening vir die jaar geëindig 31 Maart 1993, 'n redelike weergawe van die vloei van fondse vir die jaar.

**COOPERS THERON DU TOIT**

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

**LIDFIRMA VAN COOPERS EN LYBRAND (INTERNASIONAAL)**

PRETORIA

1 JUNIE 1993

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988